KULTUUR

Laurika se loopbaan kry nuwe dimensie saam met Wessel

Die trefferkombinasie van luisterliedjie-sangeres Laurika Rauch en pianis Wessel van Wyk het heel toevallig gebeur. In 'n telefoongesprek met Wessel het Laurika op die ingewing van die oomblik vir hom gevra of hy haar sal begelei en so het 'n verbintenis ontstaan wat reeds langer as vyf maande duur.

Studente en personeellede het onlangs tydens 'n etensuurkonsert in die Musaion die geleentheid gehad om die duo in aksie te sien — en was hulle verras! Die onderlinge rapport tussen die twee was ongelooflik. Waarskynlik die hoogtepunt van die program was Laurika en Wessel se duet "Karoonag" en 'n verrassende vertolking van "New York, New York". "Klein Katryn", "Jy is te dierbaar" en "I loved" van Jacques Brel was ander juwele.

Laurika het haar aanhangers nie teleurgestel nie. Sedert die dae toe "Kinders van die Wind" aan die bopunt van die treffersparades was, het Laurika met haar heuningdiep-stem en deurdringende donker oë 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword. Heel gepas was haar afskeidsnommer dan ook "Kinders van die Wind".

Laurika en Wessel is albei doserende personeel aan die Universiteit van Pretoria. Laurika wat 'n BA-graad in Drama agter haar naam het, doseer Sangkunde aan Dramastudente in hul derde jaar. Sy vind dit stimulerend en opwindend "want dit is mense wat dieselfde kunsgevoel en lewensinstelling as ek het".

Wessel is reeds sedert Julie 1982 as lektor in klavier aan UP se Departement Musiek verbonde. Hy het drie jaar in Wenen aan die Hochschule für Musik und Darstellende Kunst onder prof Hans Graf, Carmen Adnet-Graf en Jesus M Alonso gestudeer waar hy in 1981 sy graad met lof geslaag het. Wenen se afskeidsgeskenk aan hom was egter die kersie op die koek. Twee aande voor hy na Suid-Afrika sou terugkeer, het hy die Internasionale Bösendorfer Klavierkompetisie gewen.

Hoewel Wessel voorheen begeleiding gedoen het, is hy by uitstek 'n konsertpianis. Hy hou egter van alle soorte musiek en geniet die verbintenis met Laurika. Hulle eerste openbare optrede saam was vroeër vanjaar in die Roodepoortse Stadskouburg.

So tussen repetisies deur is daar darem nog tyd om te skerts. "Ja", lag hulle, "een van die dae staan ons dalk as Wessie en Loekie bekend."

Laurika kies haar musiek noukeurig. "As 'n liedjie my hoendervleis gee of my opgewonde maak, weet ek dit sal ook by die gehoor byval vind."

Deesdae tree Wessel en Laurika ook een aand per week in 'n Pretoriase restaurant op. Dit is vir albei 'n nuwe dissipline om agtergrondmusiek te verskaf. Hiervoor benodig Laurika 'n groot repertoire en sy en Wessel pas dikwels hulle program aan om by die betrokke atmosfeer, wat van aand tot aand verskil, aan te pas.

Laurika en Wessel se informele aanslag vind groot byval en bewys weer eens dat haar aanbieding van luisterliedjies en meer kommersiële ligte liedjies gemeng met 'n duidelike Brel-aanslag 'n wenkombinasie is.

— Louis Nieuwoudt

"Ruik jy katbos en kambro as dit reën in die ou Karoo" sing Laurika Rauch en Wessel van Wyk vol heimwee saam.